Maart 2007

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van Ou Pretoria,

Ek weet nie of u kennis dra van die “Valuation Rolls” van Pretoria nie. Dit is ‘n lys van al die erwe in Pretoria [volgens die erfnommers gerangskik] met die naam van die eienaar en die waarde van die eiendom. Die waarde van die grond en die geboue word apart gelys. Ek het lankal die boek vir Julie 1947 tot Junie 1950 gekry en was nou gelukkig genoeg om ook die twee boeke vir 1913 en 1922-24 te koop.

Daar is ook ‘n paar interessante advertensies in die boeke, bv. in 1913 adverteer die Engineers Haak & Zoon “Everything for the Motorist” en hulle het ook Elswick, Humbler, Eadie, B.S.A. en H & Z fietse in voorraad. Poynton Bros. [wat toe nog oorkant die poskantoor was] adverteer Builder’s Supplies, Sanitary Fittings etc.

My navorsing oor ou Pretoria kom op die oomblik maar sleg tweede. Ek het ‘n nuwe kamera gekoop wat 12x kan vergroot en sit nou ure en wag vir voëls om af te neem. In hierdie hitte is die tuin definitief die koelste plek om te wees.

<u>Die volgende kom van Paul Els wat besig is met navorsing oor Voortrekkerhoogte</u>.

## Kort oorsig oor die Hoogte tot voor die 2de Wêreldoorlog

(Militêre Kantonnement/Roberts Hoogte/Voortrekkerhoogte/Thaba Tshwane)

Tussen die plase Swartkop/Mooiplaats/Groenkloof en Pretoriadorp was ‘n stuk grond wat as weiveld gebruik is deur inwoners van Pretoria. Die pad vanaf Pretoria na Potchefstroom het deur die grond geloop. Op die grens van Groenkloof en die grond is die Ou Johannesburgpad. The Right Honourable Field Marshal Frederick Sleigh Roberts*, 1st Earl Roberts, VC, KG, KP, GCB, OM, GCSI, GCIE, PC het die nag van die 4de op die weiveld oorgebly en die volgende dag Pretoria oorgeneem.

Ongeveer 1901 is daar drie blokhuise op die randjies van die Langeberge wat die noordelike grenslyn van die grond is, opgerig. In dieselfde tydperk is ‘n klipskans – kraalmuur hoogte – waar die Vestinggebou (Hospice) vandag is, opgerig vir die verdediging van die area. ‘n Paar maande later is ‘n sinkblokhuis daar opgerig wat vandag nog staan.

Met geld wat ingesamel is in Britse kroeë in Pretoria (£20,000) is ‘n pragtige gebou opgerig en die hoeksteen daarvan is op 12 Junie 1902 deur Genl. Kitchener onthul, genoem Kitchener Follie [Kitchener’s Folly] (The Right Honourable Horatio Herbert Kitchener*, 1st Earl Kitchener, KG, KP, GCB, OM, GCSI, GCMG, GCIE, ADC, PC).

Gedurende die tyd is die gebied deur die Stadsraad van Pretoria aan die Britse magte gegee om te omskep in ‘n garnisoen. Honderde voorafvervaardigde geboue van Engeland af, en vermoedelik uit die Ooste, word hier opgerig. ‘n Treinspoor vanaf waar Lyttelton Stasie vandag is, word na die Hoogte gelê om die massa boumaterial te vervoer. In 1914 word die treinspoor gesluit en die spore word verwyder.

‘n Waterpomp is in die Fonteine gebou om water vir die groeiende dorp te voorsien.

Toe Genl. Sir Neville Lyttelton* die bevel van die Britse magte in 1903 oorgeneem het, het hy vir hom ‘n woonhuis laat bou. Die staan bekend as die ‘Generaalshuis’

en het ook ander name. Drie van die welbekendste sinkgeboue wat gedurende daardie tydperk opgerig is, is die gebou van die Noord-Transvaalse Kommandement Hoofkantoor, die Wit huis (17 Ben Viljoenweg) en die Vesting. Daar is baie ander ook opgerig, maar die drie vertoon 'n wonderlike voorbeeld van die Viktoriaanse boustyl van daardie era.

Britse regimente het gekom en gegaan en die oudste graf wat in die ou begrafplaas gesien kan word is gedateer 4 Junie 1900.

Die naam van die nuwe kantonnement was eers die Militêre Kantonnement en in 1904 is die naam verander na Roberts Heights. So is dit in 1938 na Voortrekkerhoogte en in 1996 as Thaba Tshwane herdoop.

Die eerste sportklub vir die Hoogte is reeds in 1902 gestig, en die area waar die huidige golf baan is was omskep in 'n perderesiesbaan. Teen daardie tyd was daar honderde perde in die gebied. In die gebied noord van waar die SAP Hondeskool tans is, is 'n driebaan-skietbaan opgerig. Dié bestaan nie meer nie.

Met die onttrekking van die Britse magte in 1914 is al die grond en geboue oorhandig aan die Unieregering. Die Kitchener Follie is toe gebruik as 'n hospitaal. Na die Eerste Wêreldoorlog in 1920 word die gebou die Militêre Kollege.

Swartkop Lughawe word gebou in 1920 en met die talle vliegtuie, as geskenk van die Britte, word hulle aanmekaar gesit by die Artillerie en Lug Depot, in die Hoogte. Voordat die lughawe gebou is, was toetsvlugte op die area waar die golfbaan is, gedoen.

Die nuwe treinspoor word in 1924 gebou vanaf Pretoria-Wes deur Quagga Poort na die Hoogte.

In 1930 open Prinses Alice die Militêre Hospitaal in die Hoogte, wat toe ultra-modern was.

In 1933 word die welbekende militêre eenheid, die Spesiale Diens Bataljon, gestig om werksgeleenthede aan werkloses onder die blanke bevolking te gee. Twee jaar later word twee treintrokke binne 'n gebou geplaas, waar die jong manne opgelei word as kondukteurs, kokke of kelners. Die gebou staan vandag nog.

In 1938 word die NG Kerk (Witkerk) gebou.

------------------------------------------------------------------------

Jammer ek kan nie al die foto's plaas wat Paul gestuur het nie, want die brief sal dan te groot wees om maklik te stuur. Die beskrywings van die foto's kom uit Hannes Meiring se boek **Pretoria 125,** bladsye 18 – 24.

Daar is onsekerheid oor die oorsprong van die hout-en-sinkgeboue wat lord Roberts op sy Heights laat oprig het en waarvan 'n paar vandag nog staan. Sommige kenners meen dat die boumateriaal regstreeks van Engeland na Suid-Afrika verskeep is en dat die geboue deur die Royal Engineers opgerig is volgens prototipe-planne van geboue in Indië; die Engelse het Indië en Suid-Afrika albei as tropiese lande beskou en eenderse geboue sou dus geskik wees. Ander mense, onder meer ook ouer lede van die Suid-Afrikaanse Weermag, onthou dat hulle gehoor het dat die boumateriaal van Indië af ingevoer is, waar die Engelse destyds 'n groot voorraad daarvan gehad het. Eersgenoemde opvatting word gewoonlik as

juis aanvaar. Dit was destyds egter ook die gebruik om sulke sinkplaat-en-houtgeboue af te breek en elders op te rig.

Wat ook al die oorsprong van die boumateriaal, die Royal Engineers het goed gebou. Die dokumente en bouplanne is nie meer te vinde nie, want toe die Engelse 'n ruk na Uniewording vertrek, is die leggers saam met hulle terug Engeland toe; waarskynlik is hulle volgens die gebruik van die Britse Oorlogministerie na 50 jaar vernietig.



Die blokhuismure is van dubbele sinkplaat, gevul met klip, en voorsien van 15 skietgate.



Die Militêre Kollege is opgerig as klubgebou vir die S.A. Garrison Institute, vir die gebruik van die imperiale troepe wat toe nog daar gestasioneer was. Die geld vir die klubgebou was die opbrengs van die leërkroeë op Kerkplein in Pretoria, en dit was lord Kitchener wat besluit het om dit te laat oprig.

Na die Eerste Wêreldoorlog is die gebou aan die Departement van Verdediging oorhandig, en in 1920 is die S.A. Militêre Skool gestig wat in 1924 kollege-status verwerf het.



**Ben Viljoenstraat 17, Voortrekkerhoogte as Engelse Offe Klub**

Die enkelverdiepinggebou van sinkplaat en hout staan in Ben Viljoenstraat 17 [voorheen Lancaster-weg 17]. Hierdie gebou is nie as woning nie maar wel as menasie vir die offisiere gebou. Die vernaamste verskil tussen die huis en die ander woonhuise is dat dit nie 'n gang het nie, en dat dit skuifvensters het en nie boogvensters soos baie ander huise nie.



**Vaandelparade - Spesiale Diensbataljon - 1938**

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel.